Lees Genesis 27:1-40

ISAK SEëN VIR JAKOB

Maats, lees eers die skrifgedeelte en voltooi dan die ontbrekende woorde in die versreëls hieronder. Kleur daarna die prentjie mooi in.

[34] Toe Esau hoor wat sy pa sê, het hy hard en bitter begin _ _ _ _ _ en by sy pa gepleit: "Pa, _ _ _ _ my tog ook!"
[35] Maar Isak sê vir hom: "Jou broer het my kom _ _ _ _ _ _ _ en toe het hy jou seën _ _ _ _ _."
[36] Esau het geantwoord: "Hy word tereg _ _ _ _ _ genoem. Hy het my nou al twee keer _ _ _ _ _ _ _: hy het my reg as eersgeborene gevat en nou het hy my seën gevat."
Toe vra Esau: "Het Pa nie nog 'n seën vir my ook nie?"
[37] Isak het vir hom gesê: "Ek het hom alreeds _ _ _ _ _ _ _ _ _ om oor jou te _ _ _ _ _ en ek het sy hele familie vir hom as onderdane gegee. Ek het hom van _ _ _ _ _ _ en wyn voorsien. Daar is _ _ _ _ wat ek vir jou kan doen nie, my seun."

SUIDERKRUIS
'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS
Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer
Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

14 MEI 2023

DAGBOEK

Vandag - Moedersdag
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke vind plaas net na die diens
10:00 Koffie en tee in die foyer

Donderdag 18 Mei
18:00 Hemelvaartdiens

Sondag 21 Mei
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke vind plaas net na die diens
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Pinksterdiens

Hospitaal:
- Annemarie Swanepoel
- Daan Prinsloo

DIE WAARDE VAN 'N MA

Wat is liefde nou werklik? Vra 'n ouma en 'n ma, en jy vind die antwoord. As ek terugkyk op my lewenspad en terug dink aan al die kere wat my ma onvoorwaardelik sonder enige voorbehoud net daar was vir my, in hartseer, blydskap, moeilike en maklike tye. Met die mees opregste bedoelinge en ware omgee wat net 'n ma kan gee en sal verstaan. 'n Engel van God gevul met 'n aardse moederlike instink wat meer as net mens is, iets vanuit God se geestes skepping, deel van die prag van God se liefde en die toonbeeld van Sy genade, dit is wat 'n ma is. Die vloei van 'n moeder se gees is omvangryk en haar sagtheid en onwrikbare veggees is onverklaarbaar. 'n Ma se liefde is soos 'n pleister vir jou siel, en soms deur net aan haar omgee en liefde te dink, vind ek genesing tot in my diepste wonde. Haar stem, die trek van haar mond en beweging van haar oë tydens ons gesprekke sal ewigdurend in my leef. Haar onbaatsugtige gee en self vergenoegheid is die mooiste deel van haar menswees en 'n blywende lewensles. Waar ware liefde, omgee en opoffering nooit te veel is nie, en nie gedryf word deur 'n gewete nie maar 'n opregte hart, gevul met liefde.

Dankie God, dat U dit goed gedink het, om my te seën met my ma se moederskoot, dat U my gekies om een van haar kinders te mag wees. Vir meer, beter en die voorreg om haar mamma te kan noem dank ek U. Vader, ek pleit dat U oor haar sal waak, haar sal seën en haar elke oomblik van die dag styf vas sal hou in U skeppings hand. Uit genade, deur genade met dankbaarheid. Amen

-SêNet – Opinie

Ons Pinksterdienste begin reeds Sondagaand 21 Mei om 18:00. Hierdie week se tema is:

Jesus se Hoëpriesterlike gebed

- Johannes 17:1-26

In Johannes 17 ontsluit Jesus baie van homself en van ons eie lewens. Jesus deel met ons hoedat ons as God se mense deel uitmaak van Gods se groot ewige plan: Deur gelowiges te versamel in Sy naam, om te deel in die rykdom van Sy ewigheid.

Mens is beïndruk met Jesus se gebed, en dit laat mens tog wonder hoe pas dit in die res van Johannes se evangelie as 'n geheel? Is Johannes se doel 'n meer omvattende kyk in die werke en persoon van Jesus? Is sy doel daarmee om ons geloof te versterk in uitdagende tye. Dit help mens tog verstaan hoe 'n persoon 'n gelowige word, en een bly in gemeenskap met die lewende Here.

Die belangrikste temas van hierdie gebed is die verheerliking van God en die welsyn van Christus se dissipels en gelowiges. Die heerlikheid van God is 'n tema wat dwarsdeur hierdie Evangelie loop. Ons sien dit in die inleiding (vgl. 1:14), vóór die Diskoers in die Bo-kamer (12:28) en dit is ook deel van die Diskoers (13:31-32). Oppad na Getsémané toe (vgl 18:1), bid Jesus in die eerste deel van hierdie gebed vir homself, maar die fokus is nog steeds die verheerliking van God (17:1-5). In Johannes 17:6-19 bid Jesus vir die apostels voordat die fokus op toekomstige gelowiges val (17:20-26).

Ontdek saam met ons deur die Gees die hart van Jesus in hierdie gebed, wat temas aanraak soos God se glorie, gestuur wees, geloof, die wêreld en liefde.

Sondag: 21 Mei 2023 Johannes 17:1-8
Maandag: 22 Mei 2023 Johannes 17:9-19
Dinsdag: 23 Mei 2023 Johannes 17:20-23
Woensdag: 24 Mei 2023 Johannes 17:24-26

PINKSTER SOP EN BROODJIES

Ons benodig groot asseblief weer sop en broodjies vir die aande van 22, 23 en 24 Mei. Die manne en vroue wat kan help, skryf asb jou naam op die pienk lyste agter in die foyer. Ons benodig ongeveer 5-6 potte sop per aand en ongeveer 5 brode se broodjies per aand.

SUIDERKRUIS WHATSAPGROEP

Moenie uitmis op belangrike nuus en gebeure in die gemeente nie. Indien jy nog nie op die gemeente se Whatsapgroep is nie, stuur sommer nou 'n whatsap na Elize (0832976748) en sy sal die skakel aanstuur. Net Ds Tiaan en Elize kan op daardie groep inligting plaas. Die afkondigings word weekliks daarop geplaas sowel as die skakel na Ds Tiaan se preke. Daar sal geen "gemorspos" op die groep wees nie.

VLEISBESTELLINGS

Bestellings vir die vleis kan reeds gemaak word by Elsabé (082 928 6626) of Elize (083 297 6748). Daar gaan ook snitte beskikbaar wees. Pryse sal deurgegee word, maar sal beslis goedkoper as die slaghuise wees. As beurtkrag ons kans gee, kan die vleis dan reeds die Woensdag voor die basaar afgehaal word.

VERJAARSDAGLYS

Vandag: Helena Jacobs
15 Mei: Elsabé van Aswegen
16 Mei: Barbara Kok, Jakkie Louw
17 Mei: Jannie Delport, David Maree
18 Mei: Wimpie van Graaff
19 Mei: Mariska Thomas
20 Mei: Geen verjaarsdae

Geloof is nie die vermoë om in 'n verre en onduidelike toekoms te glo nie. Dit is eenvoudig om op God te vertrou en die volgende stap te neem. - Joni E Tada

Liewe Suiderkruis vriende en vriendinne,

- **Basaarlyste**: In die foyer lê basaarlyste waarop al die benodigdhede vir die basaar is. Ondersteun ons asb en skryf jou skenking daarop.
- **Wen 'n pragtige kwiltdeken**: Baie dankie aan Jacoba Ras wat vir ons hierdie pragtige kwiltdeken geskenk het. Vir slegs R30 per nommer, staan u 'n kans om hierdie deken te wen! Skryf u naam langs enige nommer of nommers van u keuse om u wenkans te vergroot. Die deken kan besigtig word op die verhoog.
- **Wen 'n unieke bottel brandewyn**: Baie dankie ook aan Johanna Handford wat vir ons 'n unieke bottel brandewyn, wat al die pad van die Kaap af kom, geskenk het. Vir slegs R10 per nommer staan u 'n kans om hierdie bottel te wen. Koop ook meer as een nommer om u wenkans te vergroot. Dis 'n 5-jaar oue brandewyn en is glad nie in Noordwes beskikbaar nie.

Ondersteun ons asseblief hiermee, die fondse is ook ten bate van ons basaar. Die lyste is beskikbaar in die foyer.

NB: Daar gaan 'n spesiale item gelewer word aan die einde van die basaar wat julle nie moet mis nie!!

Oorvaal Stereo gaan ook 'n buite-uitsending vanaf die kerk doen.

WORSBROODJIES BESTELLING

Op Vrydagaand 19 Mei gaan daar reeds worsbroodjies @ R25 per worsbroodjie verkoop word. Dit sal vanaf 17:00 beskikbaar wees. Ongelukkig moet ons asb met bestellings werk. Indien jy belangstel om sommer vir aandete te koop, bestel so gou as moontlik by Elize 0832976748 of die kerkkantoor 0182947939.

POTJIEKOSKOMPETISIE

Baie dankie aan Willem en Jakkie Botes wat vir ons 'n Potjiekoskompetisie beplan vir Sondag 25 Junie. Daar gaan selfs 'n trofee wees vir die wenner van die kompetisie. Kaartjies gaan ook verkoop word as deel van 'n fondsinsamelingsprojek. Hulle is nou op soek na persone wat sal inskryf om 'n pot te maak vir daardie dag. Dit sal bepaal hoeveel kaartjies verkoop kan word. As jy kans sien om jou "wen-pot"in te skryf, skakel asb vir Jakkie by 076 263 7050.

DATUMS VAN FONDSINSAMELINGSPROJEKTE BEPLAN VIR DIE HUIDIGE BOEKJAAR:

- Pannekoek bak by Pick 'n Pay:
  30 Junie en 1 Julie;
  21 en 22 Julie; 6 en 7 Oktober
- Mini-basaar: 19/20 Mei
- Proe-aand: 29 September
- Kersliedere-Kuier-Aand: 24 November

Ander projekte:

- Borg 'n bank (besonderhede sal deurgegee word)
- Hengelkompetisie
- Vleisprojek
- Potjiekoskompetisie

Indien daar enige idees is vir fondsinsamelings of as jul kan help by bg projekte, kontak asb die kerkkantoor en gee vir ons idees deur: 0182947939 / 0832976748.

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien
Elektroniese betaling:
EFT of Zapper
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005

Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.

Naam: .....

Selno: .....